# DIE POLITIEKE, EKONOMIESE EN SOSIALE GEVOLGE VAN DIE ONTDEKKING VAN MINERALE T.O.V. ARBEID IN SUID-AFRIKA, 1867-1926

*W.P. Visser*
*Departement Geskiedenis*
*Universiteit Stellenbosch*

## 1. INLEIDING

Die ontdekking van diamante in 1867 by Hopetown en goud in 1886 op die Witwatersrand het die manier waarop die Suid-Afrikaanse ekonomie bedryf is, onherroeplik verander. Dit het van Suid-Afrika 'n land gemaak waar minerale en mynbou 'n belangrike rol gespeel het. Die mynbou het weer nywerhede, handel en geldwese aangehelp. So het 'n proses begin wat 'n ekonomiese transformasie in Suid-Afrika tot gevolg gehad het.

Voor die ontdekking van goud en diamante het Suid-Afrika 'n eenvoudige ekonomie gehad. Landbou en beperkte handel was die enigste bedrywe. In die Wes-Kaap het die koring- en wolboerdery begin om op dreef te kom. Die land het nie 'n ekonomie gehad wat sterk op produksie en buitelandse handel gerig was nie. In groot dele van die land het veeboere 'n bestaansekonomie bedryf. Behalwe vir die Wes-Kaap, was die handelsprodukte in die res van die land velle, huide, horings en olifanttande.

Die ontdekking van diamante en goud het tot die ontstaan van groot mynmaatskappye gelei waarin baie kapitaal belê is en vir wie wins die belangrikste oogmerk was. Maatskappye soos De Beers Consolidated Goldfields wat in 1886 deur Cecil John Rhodes gestig is, het diamantbelange verenig. So het magtige en kapitaalkragtige privaatondernemings tot stand gekom. By en rondom die myne het talle ander bedrywe ontstaan wat weer 'n groot aantrekkingskrag gevorm het. So het stede soos Kimberley en Johannesburg ontstaan.

## 2. ARBEID

Die myne en die ander bedrywe het masjinerie en handelsware nodig gehad wat uit die buiteland of van elders in die land aangevoer moes word. Die mense het kos en klere nodig gehad, wat ook vervoer moes word. Daarom is die meeste dele van die land deur die myne beïnvloed. Die hawestede Kaapstad, Port Elizabeth en Durban is seker die meeste geraak deur

dié veranderinge. Spoorwegverbindinge en transportry met waens en osse het belangrik geword.

Kapitaal, toerusting en kundigheid was die drie belangrikste faktore wat nodig was om die nuwe kapitalistiese ekonomie met sy strewe na doeltreffendheid, sukses en wins te bedryf. Kundigheid het beteken mense met kennis. Maar hande-arbeid om die harde fisiese werk te doen, was ook belangrik. Hierdie tema handel oor arbeid se rol op politieke, ekonomiese en sosiale gebied. Die politieke rol verwys na die invloed wat arbeid op die ontwikkeling en uitvoering van beleid gehad het. Die ekonomiese rol verwys na die plek wat arbeid in die algemene ekonomiese beleid en ontwikkeling beklee het. Die sosiale het te doen met die lewenswyse en die lewensomstandighede van die arbeiders in en om die myne.

Die gevolge van die ontdekking van goud en diamante vir arbeid op elkeen van hierdie gebiede, kan nie in waterdigte politieke, ekonomiese en sosiale kompartemente verdeel word nie. Wat op die een terrein gebeur het, het op elkeen van die ander twee terreine 'n belangrike invloed gehad. Daarom moet die gevolge eerder soos volg ingedeel word:

- Vir die eerste keer in die Suid-Afrikaanse geskiedenis ontstaan daar 'n duidelike stedelike werkersklas.
- 'n Unieke stelsel van trekarbeid ontwikkel.
- 'n Patroon van huisvesting vir mynwerkers, bekend as die kampongstelsel, word gevestig.
- 'n Bepaalde rassepatroon in die arbeidsverdeling ontstaan wat algemeen bekend sou word as die industriële kleurslagboom.
- Vakbonde en politieke partye vir arbeiders kom tot stand.
- Die aanwending van stakings as 'n metode om die arbeiders se mag te laat geld.
- Die reëling van arbeid deur uitgebreide arbeidswetgewing word noodsaaklik.

## 3. DIE ONTSTAAN VAN 'N STEDELIKE WERKERSKLAS

### 3.1 Geskoolde werkers

Die ontginning van minerale, veral goud wat van lae ertsdraende gehalte is, het 'n hoogsgemeganiseerde tegnologie vereis. Ingenieurs, tegnici, wetenskaplikes, ens., was dus noodsaaklik vir die Suid-Afrikaanse mynbedryf. Aanvanklik was Suid-Afrika nie daartoe instaat om self opgeleide werkers en tegniese deskundiges vir die diamant- en goudmynbedrywe te verskaf nie. Gevolglik is duisende tegnici en geskoolde ambagsmanne ingevoer, sodat dit die oorsese immigrante was wat Suid-Afrikaanse industrieë begin het. Die eerste generasie goudmynwerkers was hoofsaaklik afkomstig van Cornwall in Engeland en in 'n mindere mate van Europa, die VSA, Australië, Nieu-Seeland en Kanada. Die Witwatersrand was dus 'n kosmopolitaanse myngemeenskap waarvan die Britse arbeiders die grootste getal was.

### 3.2 Ongeskoolde werkers

Die Afrikaners, wat hoofsaaklik as boere en transportryers 'n bestaan gemaak het, het geen kennis van mynbou gehad nie. Hulle het ook 'n redelike afkeur in die myne gehad. Baie van hulle kon egter nie meer 'n bestaan op die plase maak nie o.a. vanweë droogtes en die onderverdeling van die grond. Hulle moes op die myne, die spoorweë en in die fabrieke 'n heenkome vind. Die Anglo-Boereoorlog het talle boere sonder 'n heenkome gelaat, sodat nog meer van hulle ná 1902 na die myne verhuis. Hulle het nie oor geskoolde kennis beskik nie, en moes ongeskoolde of halfgeskoolde werk verrig. Die meeste van hulle is as armblankes beskou.

Swartes het aanvanklik weinig belangstelling in die myne getoon. Na mate die myne se behoefte aan sterk en gesonder mans om die uitputtende fisiese werk te doen, toegeneem het, is al hoe meer na Swartes as 'n arbeidsmark gekyk. So sou hulle mettertyd as totaal ongeskoolde werkers 'n derde element van 'n ontwikkelende werkersklas vorm. Hulle is egter aanvanklik nie deur die Engelse of Afrikaanse blanke mynwerkers werklik as deel van 'n enkele werkersklas aanvaar nie. Van die begin af het die werkersklas op die myne dus uit drie duidelike komponente bestaan.

## 4. ARBEIDSPRAKTYKE OP DIE MYNE

### 4.1 Swart arbeiders, trekarbeid en die kampongstelsel

Die grootste gedeelte van die mynwerk, die hande- of ongeskoolde arbeid, is deur swart werkers verrig. Dit het veral harde, fisiese arbeid behels, soos die laai en stoot van koekepanne en die hantering van swaar voorwerpe soos rotsbore. Omdat Suid-Afrika se goudmyne van lae ertsdraende gehalte is, was die ontginningskoste buitengewoon hoog. Daarom is goedkoop swart, ongeskoolde arbeid as die oplossing

beskou om loononkostes te besnoei en lae winsgrense teë te werk. Lone het ongeveer 50% van die produksiekoste bedra. Ten einde aan hierdie geweldige aanvraag na swart arbeid te voldoen, het die Kamer van Mynwese (die mynbase se organisasie) werwingsagentskappe in swart gebiede begin stig. In 1896 het die Kamer die *Native Labour Supply Association* gestig om swart werkers vir die goud- en steenkoolmyne te werf. Sodoende het daar teen 1899 reeds ongeveer 107 000 swart werkers op die goudmyne gewerk.

Te midde van die Anglo-Boereoorlog het die Kamer van Mynwese sy werwingsagentskappe in 1900 herstig en het die *Witwatersrand Native Labour Association* (ook bekend as *Wenela*) tot stand gekom. Dit het aanleiding gegee tot die totstandkoming van 'n georganiseerde kontrak- of **trekarbeidstelsel**, wat die kenmerkende patroon van die Suid-Afrikaanse arbeidsbedeling in die 20ste eeu sou word. Daardeur is swart werkers in hulle stamgebiede met die toestemming van hulle stamhoofde gehuur om kontrakte van drie tot ses maande in die myne te gaan volbring. Swartes is gewerf onder die Pedi, Ndebele en Tswana in die Transvaal en in Mosambiek, maar later ook in Suid-Rhodesië (Zimbabwe), Noord-Rhodesië (Zambië), Njassaland (Malawi), Betsjoeanaland (Botswana), Suidwes-Afrika (Namibië), Basoetoland (Lesotho), Swaziland, die Oos-Kaap en Natal. Die trekarbeidstelsel het ook tot nuwe sosiale vestigingspatrone aanleiding gegee. Aangesien die stelsel op 'n korttermyn kontrakbasis gebaseer was, is slegs swart mans vir die myne gewerf. Gedurende hulle dienstydperk het hulle in enkelkwartiere of **kampongs** op die myne gebly. Hulle gesinne het in die tradisionele gebiede gebly.

Die trekarbeidstelsel het vir swart werkers belangrike sosiale gevolge ingehou. Blanke owerhede het gevrees dat huisvesting vir getroude swart werkers op die myne tot 'n permanente verblyf van swartes in blanke gebiede sou lei. Daar is ook gevrees dat blankes só deur swart getalle verswelg sou word. Gevolglik is die praktyk gevestig dat die swart arbeider slegs 'n tydelike werknemer van blanke firmas in blanke gebiede was, sonder enige eiendomsreg. Die Kamer van Mynwese was ook van mening dat kontrakarbeid en die kampongstelsel goedkoper was om te bedryf.

### 4.2 Die invoer van Chinese arbeiders

Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) het die goudmynproduksie en die voorsiening van arbeid, veral swart arbeid, ernstig ontwrig. Die oorlogsverwoesting, die ontwrigting van swart werwingsprogramme, die verlaging van na-oorlogse minimum lone van swartes en die ontnugtering van swartes met die na-oorlogse Britse owerhede, het aanvanklik tot 'n weerhouding van swart arbeid en 'n drastiese afname van swart werkers op die myne aanleiding gegee. Gevolglik het die Transvaalse Wetgewende Raad, op aandrang van die president van die Kamer van Mynwese, George Farrar, in 1904 ingestem tot die invoer van Chinese arbeiders. In die myne het die Chinese, waarvan ongeveer 64 000 ingevoer is, dieselfde handearbeid, wat dikwels ook gevaarlike take in die skagte behels het, as swartes verrig. Verset teen hulle swak werks- en woontoestande in die mynkampongs het onder andere tot drostery en misdaad gelei. Dit het weer tot so 'n groot protes onder die blanke publiek en politieke partye aanleiding gegee, dat die laaste Chinese teen 1910 na China gerepatrieer is.

### 4.3 Die industriële kleurslagboom

'n Ander kenmerk van die Suid-Afrikaanse arbeidsbedeling wat na vore begin tree het, was die instelling van die sg. **kleurslagboom** in die nywerheidswese. Dit het daarop neergekom dat geskoolde arbeid (werk waarvoor werkers opleiding ontvang het) in myne en fabrieke volgens wet vir blankes gereserveer is en dat die swaks betaalde of ongeskoolde arbeid aan swartes oorgelaat is. Mynregulasies, soos die mynkode van 1896, waarvolgens slegs blanke mynwerkers vir dinamietskietwerk kon kwalifiseer, en die mynregulasie van 1906, het die kleurslagboom in die mynbedryf help vestig. Volgens laasgenoemde regulasie is werk soos dié van masjinis, skaggrawer, skagwagter, bestuurder, stoomketelassistent, hysbakoperateur, skofbaas, oppervlakte voorman, mynopsiener en meganiese ingenieur slegs vir blankes gereserveer. Sodoende het 'n blanke mynwerker, as 'n geskoolde werker, bv. toesig gehou oor een of twee drukbore wat deur ongeskoolde swart "helpers" hanteer is. Die wetlike beperkinge wat geplaas is op die omvang van werk wat deur Chinese arbeiders gedoen kon word, is vervolgens ook op swartes van toepassing gemaak. Werkreservering, soos toegepas deur die kleurslagboom, het dus ook 'n vorm van beskerming van blanke arbeid geword.

### 4.4 Blanke vakbonde en politieke arbeider-organisasies

Een van die grootste invloede van die ontdekking van minerale was die politieke gevolge daarvan vir arbeid. Ten opsigte van die blanke werkers het die oorheersende Britse karakter van die myne Britse arbeiders- en vakbondtradisies op die Witwatersrand gevestig. Met die woord **vakbond** word bedoel 'n organisasie wat in die lewe geroep word deur werkers met die hoofdoel om hulle te beskerm teen uitbuiting deur werkgewers. Vakbonde organiseer dus werkers om hulle in staat te stel om vir 'n beter ekonomiese

bedeling te beding. Die vakbonde het dan ook gedien as liggame waardeur werkers vir hulle regte teen werkgewers kon agiteer. Geskoolde blanke werkers het vanoor die hele wêreld na die Witwatersrand gestroom en ook 'n verskeidenheid van denke oor sosialistiese en arbeiderpolitiek met hulle saamgebring. Die ontstaan van 'n vakbond- en politieke bewussyn onder die werkers is verder aangehelp deur die plaaslike verspreiding van Britse arbeider- en sosialistiese literatuur en deur besoeke van prominente Britse, Australiese en Nieu-Seelandse arbeiderleiers aan Suid-Afrika. Byna al die vroeë vakbondleiers in Suid-Afrika was van Britse of Australiese afkoms. Die ontdekking van diamante in Kimberley en goud in die Transvaal het die vakbondwese in Suid-Afrika dus moontlik en selfs onvermydelik gemaak.

Die eerste tekens van vakbond- en politieke arbeiderorganisasies in Suid-Afrika was reeds vóór die Anglo-Boereoorlog, sigbaar. Die eerste vakbonde en politieke vleuels van die arbeiderbeweging in Suid-Afrika is op die lees van soortgelyke bewegings in Brittanje geskoei. Sommige van hierdie eerste vakbonde was takke van oorsese moederorganisasies. Een van die oudste vakbonde in Suid-Afrika was een vir werkers in die drukkersbedryf wat reeds teen 1881-82 in Kaapstad bestaan het. Die eerste werkersvakbond in die Transvaal was die *Labour Union* wat in 1892 gestig is.

Op enkele uitsonderings na, was die meeste vakbonde en politieke organisasies ondersteuners van 'n kleurgrens op arbeidsterrein. Die eksklusiwiteit van die vakbonde, waaraan slegs geskoolde, blanke werkers kon behoort, het dus bygedra tot die beskerming van 'n bevoorregte blanke werkersklas waarna dikwels verwys is as 'n "aristokrasie van arbeid". Ook die geskoolde oorsese immigrante-arbeiders het hulle onmiddellik met hierdie praktyk van die Suid-Afrikaanse arbeidsbedeling vereenselwig.

Daar was geen verteenwoordiger van die vakbonde of arbeiderorganisasies by die Nasionale Konvensie teenwoordig nie. Dit het arbeidersbewegings aangespoor om die arbeiders ook op politieke terrein te organiseer. Tydens 'n interkoloniale arbeiderkonferensie van 9 tot 11 Oktober 1909 in Johannesburg, waarop die meeste vakbond- en politieke arbeiderorganisasies in die land verteenwoordig was, is die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty (SAAP) amptelik gestig — die eerste pan-Suid-Afrikaanse politieke party wat ontstaan het. H.W. Sampson was die SAAP se eerste president, terwyl F.H.P. Creswell, 'n myningenieur, die party se parlementêre leier was. Die SAAP is hoofsaaklik deur werkers van Britse afkoms gesteun en die party het in die Britse tradisie ontstaan. Die meeste leiers van die party was van Britse afkoms.

Die SAAP, en veral sy vakbondondersteuners, het 'n pro-blanke arbeidbeleid en die beskerming van geskoolde blanke arbeid teen goedkoper, ongeskoolde nie-blanke arbeid voorgestaan. Dit, tesame met struikelblokke soos die trekarbeidstelsel, werk-reservering deur middel van die kleurslagboom en blanke werkers se voorkeur vir segregasie, was bydraende faktore tot die feit dat die eerste pogings tot die stigting van swart vakbonde eers teen die einde van die eerste dekade na Uniewording plaasgevind het.

## 5. NYWERHEIDSTAKINGS

Blanke werkers het nie die mag gehad om politieke invloed uit te oefen nie. Hulle kon dus nie deur wetgewing vir hulle 'n beter bedeling skep nie. In die algemene verkiesings van 1910 en 1915 kon die SAAP slegs vier parlementêre setels verower. Die arbeiders het stakings as wapen aangewend. Gevolglik is die eerste twee en 'n half dekades van die 20ste eeu deur aanhoudende nywerheidsonrus gekenmerk wat op 'n aantal groot stakings uitgeloop het. Indien werkers kon saamstaan en hul werk kon weerhou, kon hulle werkgewers tot toegewings dwing. Sonder die werkers se arbeid kon die werkgewer niks produseer nie. Dan kon hy nie wins maak nie, maar dan kon hy ook nie lone betaal nie.'n Vakbond moet dus die voor- en nadele van 'n staking goed oorweeg voor hy tot só 'n drastiese stap oorgaan.

Omdat daar nie effektiewe wetsbeskerming bestaan het nie, het blanke werkers veral geagiteer oor kwessies soos minimum lone, 'n minimum werksdag en werksweek, onvoldoende veiligheidsmaatreëls in die werkplek, myntering, die beskerming van blanke arbeid teen goedkoper nie-blanke arbeid en die behoud van die kleurslagboom.

### 5.1 Die 1907-mynstaking

Die eerste algemene staking het in 1907 uitgebreek. Met 'n algemene staking word bedoel dat ook ander werkers as dié wat oorspronklik begin staak het, mettertyd by die geskil betrek word. Dit kan daartoe lei dat 'n hele stad of gebied deur so 'n staking geraak word.

Die onmiddellike oorsaak van die staking was 'n bevel van die bestuurder van die Knights Deep-goudmyn op die Witwatersrand dat blanke mynwerkers voortaan oor drie in plaas van twee swart bemande rotsbore moes toesig hou. Dit sou beteken dat blankes al hoe

meer in die agtergrond as toesighouers geskuif sou word en dat Chinese en swart werkers tot half- of geskoolde booroperateurs verhef sou word, maar teen 'n loonskaal laer as dié van geskoolde blanke werkers. Die bedreiging wat dit vir die blanke mynwerkers ingehou het, was meer blootstelling aan myntering, afdankings en loonsvermindering. Toe die werkers van die New Kleinfontein-goudmyn by Benoni in Mei 1907 uit protes teen die reëling begin staak, het die insident onder leiding van die mynwerkersvakbond tot 'n algemene staking uitgebrei wat meer as 4 000 mynwerkers betrek het. As Minister van Myne het genl. Smuts egter 'n troepemag ingeroep om die staking te breek en om staakbrekers of roofarbeiders te beskerm. Dit is persone wat die stakers vervang wanneer hulle staak. Die Kamer van Mynwese het die stakers van die myne uitgesluit en afgedank en teen Julie 1907 was die staking verby.

## 5.2 Die mynstaking van 1913

Die volgende groot staking het in Mei 1913 weer sy oorsprong by die New Kleinfontein-goudmyn gehad toe die mynbestuurder vyf ondergrondse werktuigkundiges wou dwing om op Saterdae langer ure te werk. Toe hulle weier, is hulle afgedank. Onderhandelinge om hulle weer indiens te neem, het misluk en uit simpatie het ander mynwerkers ook begin staak. Die staking het ook na ander Randse myne en nywerhede begin uitbrei en 'n stakerskomitee, bestaande uit lede van die verskillende vakbonde, het die agitasie gekoördineer. Uiteindelik het ongeveer 18 000 mynwerkers van 63 myne gestaak. Geleidelik het plundery, aanranding van staakbrekers, geweldpleging en brandstigting uitgebrei en vererger. Genl. Smuts was weereens verplig om die Britse Imperiale Troepemag in Suid-Afrika in te roep in 'n poging om die situasie onder beheer te bring, aangesien die Unie se polisie en verdedigingsmag in daardie stadium nog nie sterk en doeltreffend georganiseerd was nie. In die nag van 4 Julie 1913, ook bekend as "Swart Vrydag", het oproeriges Parkstasie (die Johannesburgse stasie), asook die kantore van *The Star*, wat deur die stakers as die mondstuk van die gehate Kamer van Mynwese beskou is, afgebrand. Uiteindelik het 21 burgerlikes in die onluste van 4 en 5 Julie 1913 as gevolg van die gewapende optrede van polisiemanne en soldate gesterf. Na oorlegpleging met die mynmagnate was genls. Botha en Smuts verplig om met 'n stakersdeputasie onder leiding van J.T. Bain te onderhandel, waarna op 'n wapenstilstand ooreengekom is. Daar is ooreengekom dat die staking en alle onluste beëindig sou word, dat die stakers van die New Kleinfontein-myn heraangestel sou word en dat geen viktimisasie teen terugkerende mynwerkers of ander arbeiders sou plaasvind nie. Hierdie ronde is deur die werkers gewen.

## 5.3 Die algemene staking van 1914

Die volgende groot algemene staking sou as 'n nadraai van die 1913-staking uitbreek. Die staking van 1914 was 'n voortsetting en uitbreiding van die staking van 1913 en het gepoog om die belange van blanke arbeid te beskerm. Teen die einde van Desember 1913 is spoorwegwerknemers in Pretoria, Durban, Uitenhage en Soutrivier in Kaapstad afgedank. Onderhandelinge tussen die spoorwegvakbond en die Minister van Spoorweë oor hulle heraanstelling het misluk sodat die vakbond vanaf 8 Januarie 1914 'n landswye spoorwegstaking afgekondig het. In Natal is steenkoolmynwerkers in dieselfde tyd afgedank en het werkers daar ook vanaf 2 Januarie 1914 begin staak. Op 13 Januarie 1914 het die *Transvaal Federation of Trades*, 'n sambreelorganisasie vir vakbonde, 'n algemene staking afgekondig sodat ook mynwerkers by die staking aangesluit het. Hierdie keer was die regering egter gereed om 'n staking van groot omvang te hanteer en op 14 Januarie 1914 is Krygswet in die onlusdistrikte afgekondig. Uiteindelik het soldate die leiers van die stakerskomitee in hulle hoofkwartier in Johannesburg tot oorgawe gedwing en op 22 Januarie 1914 is die staking afgelas. Op bevel van genl. Smuts is nege stakerleiers na Brittanje gedeporteer. Omdat hierdie optrede volgens die wette van die parlement onwettig was, moes Smuts sy optrede wettig deur agterna 'n Vrywaringswet in Maart 1914 deur die parlement te loods.

## 5.4 Die 1920-staking van swart mynwerkers

Die sosiale en ekonomiese toestande in Suid-Afrika was na die Eerste Wêreldoorlog swak. Dit het teen die einde van die eerste dekade na Uniewording ook tot groot stakings onder swart werkers en tot die stigting van die eerste vakbonde onder swartes gelei. In die jare onmiddellik na die Eerste Wêreldoorlog het die lewenskoste en pryse van verbruikersmiddele die hoogte ingeklim, terwyl lewensnoodsaaklike goedere skaars was en lone laag gebly het. Swartes se sosiale en politieke verwagtinge en posisie in die samelewing het ook nie verbeter nie.

In reaksie op hierdie toestande het swartes aan 'n aantal stakings deelgeneem waarvan die grootste in Februarie 1920 op die Randse goudmyne plaasgevind het. Die staking het uitgebreek oor 'n onbevredigende loonsverhoging van 3 pennies per werkdag en het vinnig versprei na 21 uit 35 goudmyne. Dit het ook 'n eis om die verslapping van die kleurslagboom ingesluit. Uiteindelik was ongeveer 71 000 swart werkers betrokke by die staking.

Die staking was vreedsaam en goed gedissiplineer, terwyl moderne staakmetodes soos staakwagte ook gebruik is. Staakwagte probeer keer dat staakbrekers of roofarbeiders die werk van die stakers oorneem. Die polisie het uiteindelik die staking gebreek deur die kampongs te omsingel en af te sonder om sodoende die stakers onder die indruk te bring dat ander stakers reeds weer gaan werk het. Die stakers is met geweld na die myne teruggedwing en in skermutselings met die polisie het ongevalle onder eersgenoemde ontstaan, terwyl blanke staakwagte ook gehelp het om die staking te beëindig.

### 5.5 Die mynwerkerstaking van 1922

Die grootste staking in die geskiedenis van blanke arbeid, soms ook die "Randse" of "Rooi Opstand" genoem, het in Januarie 1922 op die Witwatersrand plaasgevind het. Weereens was die kleurslagboom 'n kernoorsaak van die onrus. As gevolg van die na-oorlogse ekonomiese depressie kon myneienaars nie die pryse van mynmateriaal beheer nie. Produksiekostes het bly styg, maar die goudprys het nie in verhouding tot hierdie uitgawes gestyg nie. Gevolglik is sommige laegraadse goudmyne gedwing om te sluit. Volgens die sg. *status quo*-ooreenkoms tussen die blanke mynwerkersvakbond en die Kamer van Mynwese van 1 September 1918, sou alle poste in die goudmyne wat op daardie tydstip deur blankes beklee is, ook in die toekoms vir blankes gereserveer word en soortgelyk vir swartes. As gevolg van die ekonomiese krisis was die enigste opsie vir die Kamer van Mynwese om op lone te bespaar en produktiwiteit te verhoog. Dit sou beteken dat duurder geskoolde blanke arbeid deur goedkoper ongeskoolde of half-geskoolde swart arbeid vervang sou word. Verder sou dit ook langer werksure vir die mynwerkers teen die verlaagde lone behels.

Die gedagte aan afdankings, loonverminderings en die vervanging van blanke deur swart arbeid op die myne was vir die blanke mynwerkers egter totaal onaanvaarbaar. Gevolglik het samesprekings tussen die *South African Industrial Federation* — die organisasie wat namens al die vakbonde en werkers onderhandel het —en die Kamer van Mynwese oor hierdie aangeleenthede misluk. Op 28 Desember 1921 het die Kamer van Mynwese aangekondig dat salarisverminderings vir hoogbetaalde blankes sou plaasvind en dat die *status quo*-ooreenkoms opgehef sou word. Dit het ook beteken dat die kleurslagboom gedeeltelik opgehef is. Voortaan sou swart mynwerkers ook half-geskoolde arbeid, wat voorheen slegs vir blankes gereserveer is, kon doen. Hierdie aankondigings het saamgeval met loonsverminderings onder steenkoolmynwerkers en kragsentrale-ingenieurs in Januarie 1922. 'n Staking het onder hierdie werkers uitgebreek en op 10 Januarie 1922 het die *South African Industrial Federation* ook 'n staking vir goudmynwerkers afgekondig. Uiteindelik is ongeveer 22 000 blanke werkers by die staking op die Witwatersrand betrek.

Intussen het 'n radikale militante groep, die sg. Raad van Aksie, effektiewe beheer van die staking oorgeneem. Daar was 'n aantal kommuniste in die geledere van hierdie Raad wat ook die steun van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party geniet het. Alhoewel die Raad die afskaffing van die kleurslagboom gesteun het, het stakers ironies genoeg onder baniere met opskrifte soos *"Workers of the world fight and unite for a white South Africa"*, gemarsjeer. Stakerskommando's en staakwagte het al hoe meer gewelddadig teen staakbrekers begin optree en gewapende skermutselings met die polisie het uitgebreek. Die Raad van Aksie het op 7 Maart 1922 'n algemene staking uitgeroep en op 10 Maart het genl. Smuts Krygswet afgekondig. Vliegtuie en artillerie van die weermag is onder andere ingespan om stakerslinies in Benoni, Boksburg, Langlaagte en Fordsburg aan te val en op 16 Maart 1922 is die stakersopstand onderdruk. Van die veiligheidsmagte is 72 lede gedood terwyl 89 burgerlikes gedood en verskeie beseer is. Honderde stakers is van geweld aangekla en uiteindelik is vier persone, C.C. Stassen, S.A. Long, H.K. Hull en D. Lewis vir moord gehang. Na die staking is die lone van semi-geskoolde blanke werkers verminder en is die swart-wit getalleverhouding in die myne verander van 8 tot 1 na ongeveer 10 tot 1.

## 6. DIE ONTSTAAN VAN SWART VAKBONDE

Die ontdekking van minerale in Suid-Afrika sou uiteindelik ook tot die stigting van swart vakbonde lei.

### 6.1 Die IWA

Die stigting van een van die eerste swart vakbonde was onder meer die gevolg van gebeure in die blanke politiek. Die blanke arbeidergeledere het in 1915 oor die kwessie van deelname aan die Eerste Wêreldoorlog geskeur. Die regtervleuel van die SAAP, wat die grootste groep was, het die Britse oorlogspoging gesteun. Die kleiner sosialistiese linkervleuel van die party was teen die oorlog gekant omdat dit volgens hulle slegs 'n internasionale kapitalistiese sameswering teen die arbeiders van die wêreld was. Hulle het toe van die SAAP weggebreek om eers die *War on War League* en uiteindelik die *International Socialist League* te stig. Laasgenoemde organisasie sou die eerste daadwerklike poging van

blanke kant wees om swart arbeid formeel te organiseer en die swart werkers as die eintlike werkersklas of proletariaat van Suid-Afrika te beskou. In 1917 is daar met die hulp van die *International Socialist League* 'n algemene vakbond vir ongeskoolde swart werkers, die *Industrial Workers of Africa* (IWA), deur twee lede van eersgenoemde organisasie, S.P. Bunting en D. Ivon Jones, gestig. Die vakbond het onder andere 'n sosialistiese pamflet wat in seZoeloe en seSotho vertaal is, versprei — die eerste sosialistiese publikasie in Afrika-tale. In 1919 is die IWA uiteindelik deur die ICU (kyk hieronder) geabsorbeer. Tog sou die *International Socialist League* deur die inisiatiewe van Jones en Bunting, en later ook die Kommunistiese Party van Suid-Afrika (KPSA), wat in 1921 gestig is, voortgaan om veral swart werkers as lede te werf. Die kommuniste sou die swartes verder as 'n werkersklas opvoed en hulle polities en in vakbonde help organiseer.

## 6.2 Die ICU

Gedurende die 1920's kon die *South African Native National Congress* (wat in 1923 tot die ANC herdoop sou word) nie eintlik daarin slaag om die politieke, sosiale en ekonomiese lewe van swartmense te verbeter nie. Die organisasie was in daardie jare dan ook oorskadu deur 'n meer dinamiese swart vakbondorganisasie, die *Industrial and Commercial Union* (ICU). Die stigting van die ICU het saamgeval met die industriële onrus as gevolg van ekonomiese agteruitgang wat op die Eerste Wêreldoorlog gevolg het. Die feit dat werkers meer radikaal geword het omdat hulle nie toegelaat is om aan blanke vakbonde of aan gesamentlike Indiër- en Kleurling-vakbonde te behoort nie, het ook daartoe bygedra.

Die ICU is op 17 Januarie 1919 deur Clements Kadalie en A.F. Batty gestig. Dit was aanvanklik bedoel as 'n vakbond vir swart dokwerkers in Kaapstad. Kadalie, die leidende figuur, was afkomstig van Njassaland (Malawi) en aangesien hy geen Suid-Afrikaanse swart taal kon praat nie, het hy sy gehore in Engels toegespreek. Hy was 'n uitstaande orator met 'n flambojante, charismatiese persoonlikheid.

Op inisiatief van Clements Kadalie is 'n konferensie in Julie 1920 in Bloemfontein gereël in 'n poging om alle swart arbeiderorganisasies te verenig. So het die *Industrial and Commercial Workers' Union of South Africa* (ICWU) met H. Selby Msimang as president tot stand gekom. As gevolg van persoonlikheidsbotsings onder die leiers het die ICWU egter binne 'n jaar gedisintegreer. Die oorspronklike ICU is toe herstel met Samuel Masabalala as hooforganiseerder en Kadalie as algemene sekretaris. As gevolg van die naoorlogse depressie het die ICU vinnig 'n magtige en militante organisasie geword.

Dit het ook kwessies soos eise vir die politieke en ekonomiese vryheid van swartes begin aanspreek. Vanuit sy oorspronklike Kaapstause basis is die organisasie se invloed en takke na die Oos-Kaap, die Vrystaat, Transvaal, Natal en die plattelandse distrikte van die Oos-Transvaal uitgebrei. 'n Eie koerant, *The Workers' Herald*, is selfs gestig. In die 1920's het die KPSA ook sy invloed in die ICU laat geld, veral gedurende 1925 en 1926. Toe die assistent-algemene sekretaris van die vakbond, James La Guma, ook by die Kommunistiese Party aangesluit het, het baie ICU-lede hom gevolg. Hierdie samewerking was egter van korte duur. As gevolg van beleidsverskille, onder andere, is alle oorblywende kommuniste egter teen die einde van 1926 uit die vakbond geskop.

'n Interessante en eienaardige toenadering het aanvanklik tussen Kadalie en genl. Hertzog voorgekom. Dit was vreemd aangesien Hertzog en die Pakt-regering (sien hieronder) die beskerming van blanke arbeid voorgestaan het. Hertzog het 'n bydrae tot 'n fonds gemaak wat die ICU vir die naasbestaandes van die Bulhoek-insident gestig het, toe die Smuts-regering 'n aantal swartes by Queenstown in 'n aanval gewond en gedood het. Daar was ook ongegronde gerugte dat die Pakt *The Workers' Herald* finansieel sou steun, maar dit is nooit bewys nie. Omdat die Pakt, soos die ICU, ook teen Britse imperialisme gekant was, het die ICU sy stemgeregtigde lede versoek om in die 1924 algemene verkiesing teen die Smuts-regering te stem. Toe die nuwe Hertzog-regering egter diskriminerende maatreëls, soos paswette en sy "beskaafde arbeidsbeleid" deur die parlement geloods het, het dit die ICU vervreem. Kadalie het rassisme en kapitalisme veroordeel en die herverdeling van grond voorgestel. Teen 1926 het die regering tevergeefs gepoog om Kadalie en die ICU deur middel van wetgewing te stuit.

Toe die ICU sy hoofkantoor in Johannesburg gevestig het, het die sentrum van aktiwiteite van die organisasie na die noorde van die land verskuif. Vanaf 1925 het daar ook 'n groter aantal middelklas swartes by die vakbond aangesluit. Veral in Natal het daar danksy die effektiewe werwingswerk van die plaaslike organiseerder, A.W.G. Champion, veelbelowende groei plaasgevind. Teen die einde van 1927 was die ICU 'n massabeweging wat tot soveel as 100 000 lede gehad het. Tot in daardie stadium was dit die grootste vakbondorganisasie wat in Afrika gestig is.

# 7. ARBEIDSWETGEWING TOT 1926

Die politieke, ekonomiese en sosiale gevolge van die ontdekking van minerale sou ook in die

arbeidswetgewing weerspieël word. Dié wetgewing het aan die segregasiebeleid uitdrukking gegee. Die **Mynwet van 1893** van die ou Zuid-Afrikaansche Republiek was die eerste uitdruklike toepassing van die industriële kleurslagboom in Suid-Afrika. Die wet het bepaal dat geen swartes, Asiërs of Kleurlinge dinamiet in myne kon skiet nie. Toe Chinese mynwerkers in 1904 na die Witwatersrandse goudmyne ingevoer is, is beperkings geplaas op die tipe werk wat hulle kon doen. Dit was die eerste wettige stelsel van werkreservering in Suid-Afrika en sou vervolgens ook op swartes van toepassing gemaak word.

Die eerste arbeidswet van die Unie van Suid-Afrika was die **Wet op Myne en Bedrywe, No. 12 van 1911.** Dit het die hoeksteen vir werkreservering geword waardeur teen swartes ten opsigte van die toekenning van werk gediskrimineer is. Geskoolde arbeid, veral in die myne, ingenieursbedryf en op die spoorweë, is slegs vir blankes gereserveer. Deur die uitreiking van dinamietskietsertifikate in die myne te reguleer, is die getalleverhouding tussen wit en swart werkers in effek ook gereguleer. Swartes was, soos die Chinese in 1904, slegs tot ongeskoolde arbeid beperk. Indiërs en Kleurlinge is ook deur hierdie wetgewing geraak. Daarvolgens kon "gekleurde" persone geen sertifikate vir geskoolde arbeid in die Transvaal of die Vrystaat bekom nie en geskoolde arbeidsertifikate van "gekleurde" persone van Natal en die Kaapprovinsie is nie in eersgenoemde twee provinsies erken nie. In 1911 is ook die **Wet op die Regulering van Naturellearbeid** in die parlement aangeneem. Daarvolgens sou swart werkers, wat 'n arbeidskontrak sou verbreek en tot 'n staking sou oorgaan, 'n kriminele oortreding begaan.

Met die **Vakleerlingwet van 1922** is blanke jeugdiges ten opsigte van geskoolde vakmanskap ten koste van ander rasse bevoordeel. Om 'n geskoolde vakmanskap te kon ondergaan, was die minimum toelatingsvereistes op daardie tydstip 'n st. 6 sertifikaat. Dit was 'n vereiste waaraan min nie-blankes kon voldoen, omdat behoorlike skolastiese opleiding en geriewe vir hulle toe nog grootliks ontbreek het. Baie min Kleurlinge en geen swartes nie het 'n vakleerlingskap ondergaan of is tot tegniese kolleges toegelaat. Met die **Nywerheidsversoeningswet van 1924**, wat na aanleiding van die 1922-staking aangeneem is, is arbeid verder gereguleer. Die wet het bepaal dat slegs blanke en Kleurlingvakbonde wettig namens werknemers met werkgewers in nywerheidsgeskille kon onderhandel. Swart werkers kon nie wettiglik onderhandel nie en slegs staak indien ingewikkelde voorwaardes nagekom is.

Die 1922-staking was een van die faktore wat die Smuts-regering in 1924 tot 'n val gebring het. In 1923 het die NP van Hertzog en die SAAP van Creswell 'n ooreenkoms of Pakt aangegaan om tydens die algemene verkiesing van 1924 saam te werk ten einde vir Smuts te verslaan. Sodoende het die Pakt-regering aan bewind gekom en sou daar veral vir blanke arbeiders ten opsigte van wetgewing 'n nuwe arbeidsbedeling ontstaan. Die Pakt-regering het Suid-Afrika se eerste Departement van Arbeid gevestig met F.H.P. Creswell as eerste Minister van Arbeid. Thomas Boydell het hierdie amp in 1925 by hom oorgeneem. Die **Loonwet van 1925** het die bestaande Nywerheidsversoeningswet van 1924, wat die lone van geskoolde werkers gereguleer het, aangevul. Alhoewel die wet op die beginsel van rasse onpartydigheid gefunksioneer het, was dit nog steeds die oogmerk van die regering om blanke arbeiders teen die mededinging van nie-blanke arbeiders te beskerm. Sodoende is dit vir swartes moeilik gemaak om werk te bekom in beroepe waar veral blankes werk gesoek het.

In 1923 is die wetlike toepassing van die kleurslagboom, kragtens die Wet op Myne en Bedrywe van 1911, deur 'n hofgeding vir die Randse goudmyne ongeldig verklaar. Gevolglik het die regering hierdie wet met 'n **Wysigingswet, No. 25 van 1926**, ook bekend as die **Kleurslagboomwet,** vervang. Dit het weer die kleurslagboom op die myne gereguleer en gewettig. Geskoolde blanke arbeiders in die stede is teen die mededinging van swartes en Indiërs beskerm. Laasgenoemde twee groepe kon byvoorbeeld nie dinamietskieters, opmeters of masjiniste in die myne word nie. Die wet het bepaal dat bevoegdheidsertifikate vir geskoolde werk slegs aan blankes of Kleurlinge uitgereik kon word.

Danksy die Pakt-regering het groot getalle armblankes in die stedelike nywerhede werk gevind. So is ongeskoolde blanke arbeiders byvoorbeeld in die spoorweë opgeneem. Met 'n regering wat simpatiek teenoor blanke arbeid gestaan het, dit beskerm het en die griewe van blanke werkers daadwerklik deur middel van wetgewing aangespreek het, het militante nywerheidsoptrede deur blankes tot 'n einde gekom. Die blanke werkersklas sou voortaan gaandeweg op die agtergrond skuif en swartes sou, as die verteenwoordigende werkersklas van Suid-Afrika, al hoe meer op die voorgrond begin tree.

**Literatuurlys**


Coleman, F.L. (ed): *Economic History of South Africa.* HAUM, Pretoria, 1983.

Cope, R.K.: *Comrade Bill. The Life and Times of W.H. Andrews, Workers' Leader.* Steward Printing Company (Pty) Ltd, Cape Town, n.d.

Davenport, T.R.H.: *South Africa. A Modern History.* Macmillan South Africa (Publishers) (Pty) Ltd, Third Edition, Johannesburg, 1987.

De Kiewiet, C.W.: *A History of South Africa, Social & Economic.* Clarendon Press, Oxford, 1941.

Doxey, G.V.: *The Industrial Colour Bar in South Africa.* Oxford University Press, London, 1961.

Johns, S.: *Raising the Red Flag. The International Socialist League and the Communist Party of South Africa, 1914-1932.* Mayibuye Books, UWC, Bellville, 1995.

Liebenberg, B.J. and S.B. Spies (eds): *South Africa in the 20th Century.* J.L. van Schaik Academic, Pretoria, 1993.

Muller, C.F.J. (red.): *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis.* Academica, Pretoria, 1968.

Roux, E.: *Time Longer Than Rope. A History of the Black Man's Struggle for Freedom in South Africa.* The University of Wisconsin Press, Madison, 1964.

Simons, H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850-1950.* Penguin Books Ltd, Harmondsworth, 1969.

Walker, I.L. & B. Weinbren: *2000 Casualties. A History of the Trade Unions and the Labour Movement in the Union of South Africa.* The South African Trade Union Council, Johannesburg, 1961.

Wickins, P.L.: *The Industrial and Commercial Workers' Union of Africa.* Oxford University Press, Cape Town, 1978.